

## Tand bly in slag toe luiperd die hasepad wil kies

2010-10-25 21:45

Seugnet Esterhuysse

'n Luiperd wat onlangs in die Boschkop-omgewing, oos van Pretoria, gevind is, sal nog 'n rukkie moet wag voordat hy vrygelaat word.

Dié dier word sedert 14 Oktober in isolasie in die Nasionale Dieretuin in Pretoria aangehou.

Dr. Adrian Tordiffe, 'n kliniese veearts in die dieretuin, het gister gesê 'n boonste slag tand van die driejarige luiperdmannetjie van 57,8 kg is beseer toe hy die ystertralis van sy hok gebyt het om te probeer uitkom.

“Wilde luiperds raak baie omgekrap as hulle naby mense aangehou word.

“Hulle beseer hul kloue of tande dikwels in aanhouding. Hoewel daar min kontak met mense in die isolasie-eenheid was, het die luiperd nogtans seergekry,” het Tordiffe gesê.

'n Wortelkanaal-prosedure sal Vrydag in die Onderstepoort-Veeartsenykundige Instituut op die tand uitgevoer word. Eers daarna sal die luiperd in die Dinokeng Big Five-reservaat naby Hammanskraal vrygelaat word.

'n Inwoner van Boschkop het die luiperd op 14 Oktober in 'n boom op sy hoewe gewaar.

Kort daarna is die Tshwane-natuurbeaweringsafdeling gebel en mnr. Hencke Marais van dié departement se spesialiteitsdienste is na die toneel.

Tordiffe en mnr. Joe van Heerden van Joe van Heerden Safaris het hand bygesit om die luiperd gevang te kry.

Volgens Marais is die luiperd dieselfde dag teen 17:00 met 'n verdowingspyl geskiet en dieretuin toe geneem, waar hy in isolasie gehou is.

Hy sou gister verdoof en met 'n opsporingshalsband toegerus word vir sy vrylating. Tydens die voorbereidings om hom gereed te kry vir vrylating is die gebreekte slag tand opgemerk.

Daar is toe besluit om die tand reg te maak voordat hy Vrydag vrygelaat word.



Wys my 'n bietjie jou tande. 'n Veearts in die Nasionale Dieretuin in Pretoria ondersoek gister 'n luiperdmannetjie se gebreekte boonste slag tand. (Foto: Lisa Hnatowicz)

[Foto's](#) · [Lesersfoto's](#) · [Nuus in Foto's](#)  
[Stuur vir ons jou foto's](#) · [Stuur vir ons jou foto's](#)